

4 April

**Skrifgedeelte: Jeremia 50
Fokusgedeelte: Jeremia 50:1-5, 20 en 33-34**

God vergewe om nooit weer aan ons sonde te dink nie

Na die val van Babel keer Israel terug na die land van belofte – en hulle keer ook terug na die Here. God se tugtiging was goed vir hulle en het hulle tot bekering gebring. God is 'n God van liefde en genade. Daar sal na die ongeregtigheid van Israel en die sondes van Juda gesoek word, maar dit sal nie gevind word nie, omdat God aan hulle vergifnis geskenk het. Die Here vergewe so dat Hy aan hulle sondes nooit weer wil dink nie (Jer 31:34). Dit is 'n geweldige troos vir elkeen wat aan die verbondsvolk van God behoort. Met 'n profetiese uitsig op die versoening deur Christus aan die kruis, word nou reeds vir die volk gesê dat hulle sondes tot in ewigheid vergewe is en dat God nooit weer daaraan sal dink nie. Elke kind van die Here staan vandag reeds in die nuwe verbond met die belofte dat God ter wille van die verdienste van Christus ook ons sondes so vergewe dat Hy nooit weer daaraan sal dink nie. Vir alle oortredings is daar vergewing.

Sing: Psalm 25:3

Ds DL de Beer (Emeritus)